Tot wysiging van die Museumordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8 van 1975), ten einde sekere omskrywings te vervang, te skrap en in te voeg; om verder voorsiening te maak vir die stigting van 'n provinsiale museum; om anders voorsiening te maak vir die samestelling van bestuurskomitees; om anders voorsiening te maak vir die ampstermyn van lede van 'n bestuurskomitee; om voorsiening te maak vir die onbevoegdheid vir lidmaatskap van 'n bestuurskomitee; om voorsiening te maak vir die aanwysing van 'n voorsitter van 'n bestuurskomitee; om anders voorsiening te maak vir die kworum vir vergaderings van 'n bestuurskomitee; om voorsiening te maak vir besluitneming deur 'n bestuurskomitee; om anders voorsiening te maak vir 'n bestuurskomitee om toegangsgelde vir toegang tot 'n provinsiale museum te bepaal en te vra; om anders voorsiening te maak vir die aanstelling van personeel van 'n provinsiale museum; om anders voorsiening te maak vir die aanvaarding van skenkings en bemakings in verband met provinsiale museums; om geld wat deur 'n provinsiale museum ingesamel word, te reël; om verder voorsiening te maak vir die afskaffing van 'n provinsiale museum; om verder voorsiening te maak vir die verklaring van 'n museum tot 'n provinsie-ondersteunde museum; om anders voorsiening te maak vir die samestelling van 'n trusteeeraad; om anders voorsiening te maak vir die ampstermyn van lede van 'n trusteeeraad; om anders voorsiening te maak vir vakatures in 'n trusteeeraad en die aanvulling daarvan; om voorsiening te maak vir die aanwysing van 'n voorsitter van 'n trusteeeraad; om anders voorsiening te maak vir die kworum vir vergaderings van 'n trusteeeraad; om voorsiening te maak vir besluitneming deur 'n trusteeeraad; om anders voorsiening te maak vir die voorlegging van 'n jaarverslag deur 'n trusteeeraad; om anders voorsiening te maak vir die bepaling van die personeeldiensstaat van 'n provinsie-ondersteunde museum; om anders voorsiening te maak vir die aanstelling van personeel van 'n provinsie-ondersteunde museum; om 'n trusteeeraad te magtig om personeel verby hul aftree-ouderdom te behou; om sekere artikels te herroep; om verder voorsiening te maak vir die betaling van subsidies aan trusteeerade; om voorsiening te maak vir die betaling van bykomende fondse aan 'n trusteeeraad; om verder voorsiening te maak vir die aangaan van lenings deur 'n trusteeeraad; om anders voorsiening te maak vir die belegging van geld deur 'n trusteeeraad; om anders voorsiening te maak vir die oudit van die rekeninge van 'n provinsie-ondersteunde museum; om finansiële wangedrag deur 'n trusteeeraad te reël; om verder voorsiening te maak vir die verklaring van 'n museum tot 'n plaaslike museum; om anders voorsiening te maak vir die samestelling van 'n beheerraad; om anders voorsiening te maak vir die ampstermyn van lede van 'n beheerraad; om voorsiening te maak vir die aanwysing van 'n voorsitter van 'n beheerraad; om voorsiening te maak vir die kworum vir vergaderings van 'n beheerraad; om voorsiening te maak vir besluitneming deur 'n beheerraad; om verder voorsiening te maak vir die betaling van toelaes aan beheerrade; om anders voorsiening te maak vir die maak van

regulasies kragtens die ordonnansie; om verder voorsiening te maak vir 'n provinsie-ondersteunde of plaaslike museum om as 'n provinsiale museum gestig te word; om verder voorsiening te maak vir die afskaffing van 'n provinsie-ondersteunde of plaaslike museum; om anders voorsiening te maak vir die delegasie van bevoegdhede; om sekere uitdrukkings te vervang; om die lang titel van die ordonnansie te wysig; om voorsiening te maak vir voorbehoude en oorgangsbepalings; om sekere tekstuele verbeteringe aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 8 van 1975, soos gewysig by Proklamasie 87 van 1978 en artikel 1 van Ordonnansie 13 van 1982

1. Artikel 1 van die Museumordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8 van 1975)(die Hoofordonnansie), word gewysig— 5

- (a) deur in subartikel (1) die omskrywing van “aangestelde lid” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “beteken ‘aangestelde lid’ ’n persoon wat aangestel is ingevolge artikel 3 (1) (a), (2) of (3) as ’n lid van ’n bestuurskomitee [**of wat geag word sodanige lid te wees ingevolge artikel 9 (2)**];”;
- (b) deur in subartikel (1) die omskrywing van “Administrasie” te skrap;
- (c) deur in subartikel (1) die omskrywing van “beampte” te skrap;
- (d) deur in subartikel (1) die omskrywing van “Departement” deur die volgende omskrywing te vervang: 15
 “beteken ‘Departement’ die [**Departement van Natuur- en Omgewingsbewaring**] provinsiale departement wat verantwoordelik is vir museums, uitgesonderd nasionale museums, in die Provinsie;”;
- (e) deur in subartikel (1) die omskrywing van “direkteur” te skrap;
- (f) deur in subartikel (1) voor die omskrywing van “hierdie ordonnansie” die volgende omskrywing in te voeg: 20
 “beteken ‘finansieële jaar’ ’n jaar wat op 31 Maart eindig;”;
- (g) deur in subartikel (1) die omskrywing van “geklassifiseerde pos” te skrap;
- (h) deur in subartikel (1) die omskrywing van “munisipale gebied” deur die volgende omskrywing te vervang: 25
 “beteken ‘munisipale gebied’ die gebied [**onder die jurisdiksie en beheer**] van ’n [**raad**] munisipaliteit wat ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, 1998 (Wet 27 van 1998), bepaal is;”;
- (i) deur in subartikel (1) ná die omskrywing van “munisipale gebied” die volgende omskrywing in te voeg: 30
 “beteken ‘munisipaliteit’ ’n munisipaliteit soos omskryf in artikel 2 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000);”;
- (j) deur in subartikel (1) die omskrywing van “museum” deur die volgende omskrywing te vervang: 35
 “beteken ‘museum’ ’n permanente instelling sonder winsoogmerk wat oop is vir die publiek en tansbare en ontasbare materiële bewys van die erfenis van mense en hul omgewing verkry, bewaar, navors, kommunikeer en uitstal vir die doeleindes van studie, onderwys en genot, maar nie ook enige instelling wat aan die Wet op Kulturele Instellings, 1998 (Wet 119 van 1998), onderworpe is nie;”;
- (k) deur in subartikel (1) die omskrywing van “nie-geklassifiseerde pos” te skrap;
- (l) deur in subartikel (1) ná die omskrywing van “ondersteuner” die volgende omskrywing in te voeg: 45
 “beteken ‘ouditeur’ ’n persoon wat ingevolge die “Auditing Profession Act, 2005” (Wet 26 van 2005), as ’n ouditeur geregistreer is;”;

- (m) deur in subartikel (1) ná die omskrywing van “provinsie-ondersteunde museum” die volgende omskrywing in te voeg:
 “beteken ‘Provinsiale Minister’ die lid van die Provinsiale Kabinet wat verantwoordelik is vir museums, uitgesonderd nasionale museums, in die Provinsie;” 5
- (n) deur in subartikel (1) ná die omskrywing van “provinsiale museum” die volgende omskrywings in te voeg:
 “beteken ‘Provinsiale Regering’ die Wes-Kaapse Regering;
 beteken ‘Provinsie’ die Provinsie Wes-Kaap;”;
- (o) deur in subartikel (1) die omskrywing van “raad” met die volgende omskrywing te vervang: 10
 “beteken ‘raad’ ’n munisipale raad genoem in artikel 157 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;” en
- (p) deur in subartikel (1) die omskrywing van “werknemer” te skrap.

Vervanging van artikel 2 van Ordonnansie 8 van 1975 15

2. Artikel 2 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Stigting van provinsiale museums.

2. (1) Die Provinsiale Minister kan, ter beskerming en bevordering van die erfenis van die Provinsie, en met inagneming van die bedryfsbehoefte van die Departement, ’n provinsiale museum by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* stig — 20
- (a) op grond of in geboue onder die beheer of bestuur van die Provinsiale Regering, of
- (b) op grond of in geboue deur die Provinsiale Regering aangeskaf.
- (2) Die Provinsiale Regering kan, uit geld deur die Provinsiale Parlement vir die doel bewillig, grond of geboue wat die Provinsiale Regering nodig of gepas ag vir die stigting van ’n provinsiale museum daarop of daarin, aanskaf. 25
- (3) Die Provinsiale Minister kan, uit geld deur die Provinsiale Parlement vir die doel bewillig, enige eksemplaar of ander voorwerp of enige versameling vir die doel van bewaring, navorsing, kommunikasie of uitstalling in ’n provinsiale museum wat kragtens hierdie artikel gestig is of gestig sal word, aanskaf. 30
- (4) Die Provinsiale Minister kan —
- (a) wanneer hy of sy ’n provinsiale museum kragtens hierdie artikel stig, ’n naam aan sodanige museum toewys, of 35
- (b) die naam wat aan enige provinsiale museum toegewys is, verander.”.

Wysiging van artikel 3 van Ordonnansie 8 van 1975, soos gewysig by artikel 2 van Ordonnansie 13 van 1982 40

3. Artikel 3 van die Hoofordonnansie word gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

- “3. (1) Elke provinsiale museum is onderworpe aan die voorskrifte van die Departement en is onder die beheer en bestuur van ’n bestuurskomitee bestaande uit ses lede, van wie — 45
- (a) vier lede persone is wat deur die [**Administrateur**] Provinsiale Minister aangestel word omrede van hul ondervinding in korporatiewe bestuurstoesig of spesiale kennis van sake betreffende museums, en
- (b) twee lede [**amptenare, beamptes of**] werknemers in die Departement is, wat vir die doel aangewys word deur die [**Direkteur van Natuur- en** 50
Omgewingsbewaring] Departementshoof.”.

Vervanging van artikel 4 van Ordonnansie 8 van 1975

4. Artikel 4 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Ampstermyn van en betaling van toelaes aan lede van ’n bestuurskomitee.

4. (1) Elke aangestelde lid beklee sy of haar amp vir ’n tydperk van **[twee]** drie jaar en kan by verstryking van sodanige tydperk heraan gestel word. 5

(2) Die lede van ’n bestuurskomitee, uitgesonderd aangestelde lede, beklee hul amp **[solank dit die Direkteur behaag]** vir die tydperk wat die Provinsiale Minister kan bepaal.

(3) ’n Vakature in ’n bestuurskomitee ontstaan as ’n aangestelde lid — 10

(a) uit sy of haar amp bedank deur sy of haar bedanking skriftelik aan die Provinsiale Minister voor te lê;

(b) van twee agtereenvolgende vergaderings van die bestuurskomitee afwesig was sonder die verlof van die voorsitter of, waar van toepassing, waarnemende voorsitter; 15

(c) onbevoeg word om sy of haar bevoegdhede, pligte of funksies as ’n lid van die bestuurskomitee uit te voer of te vervul weens geestesongesteldheid, wat dieselfde beteken as “mental illness” soos omskryf in die “Mental Health Care Act, 2002” (Wet 17 van 2002); 20

(d) ’n ongerehabiliteerde insolvent word;

(e) skuldig bevind word aan ’n misdryf en gevonnissen tot 12 of meer maande gevangenisstraf sonder die keuse van ’n boete, of

(f) ná die einde van sy of haar ampstermyn deur die Provinsiale Minister uit die amp verwyder word. 25

(3A) Die Provinsiale Minister kan ’n aangestelde lid se ampstermyn slegs op grond van wangedrag, onbevoegdheid of onbekwaamheid beëindig.

(4) **[Enige]** ’n Vakature in die amp van ’n aangestelde lid word aangevul deur die aanstelling van ’n opvolger deur die 30

[Administrateur] Provinsiale Minister ooreenkomstig artikel 3, en sodanige opvolger beklee sy of haar amp vir die onverstreke ampstermyn van sy of haar voorganger; met dien verstande dat die Provinsiale Minister kan weier om ’n vakature in die amp van ’n lid wat ingevolge artikel 3(2) of 3(3) aangestel is, te vul. 35

(5) Aan elke aangestelde lid kan, uit geld deur die Provinsiale **[Raad]** Parlement vir die doel bewillig, ten opsigte van sy of haar dienste die toelaes betaal word wat **[voorgeskryf word]** die Provinsiale Minister in oorleg met die provinsiale minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie bepaal.”. 40

Invoeging van artikel 4A in Ordonnansie 8 van 1975

5. Die Hoofordonnansie word gewysig deur ná artikel 4 die volgende artikel in te voeg:

“Onbevoegdheid vir lidmaatskap van ’n bestuurskomitee.

4A. ’n Persoon is nie bevoeg om as ’n lid van ’n bestuurskomitee aangestel te word nie as — 45

(a) hy of sy nie ’n Suid-Afrikaanse burger is nie, tensy die Provinsiale Minister sodanige aanstelling goedgekeur het, of

(b) hy of sy skuldig bevind is aan ’n misdryf en gevonnissen tot 12 of meer maande gevangenisstraf sonder die keuse van ’n boete. 50

Wysiging van artikel 5 van Ordonnansie 8 van 1975

6. Artikel 5 van die Hoofordonnansie word gewysig—
- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(1) Die **[lede van elke nuutsaamgestelde bestuurskomitee]** Provinsiale Minister moet **[kies op die eerste vergadering van sodanige komitee]**, wanneer hy of sy die lede beoog by artikel 3 (1) (a) aanstel, een van **[die aangestelde]** daardie lede aanwys om voorsitter van die **[komitee]** betrokke bestuurskomitee te wees, en sodanige voorsitter beklee die amp as sodanig **[tydens]** vir die duur van sy of haar ampstermyn as lid van die komitee.”;
- (b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(2) As die voorsitter van ’n komitee sy of haar amp ontruim voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy of sy **[as lid van die komitee]** aangestel is, **[word]** moet die Provinsiale Minister, by die eerste vergadering van die komitee na die datum waarop die voorsitter sy of haar amp ontruim het, ’n ander **[aangestelde]** lid **[ooreenkomstig die bepaling van subartikel (1) tot]** beoog by artikel 3 (1) (a) as voorsitter van die komitee **[gekies]** aanwys.”;
- (c) deur paragraaf (b) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(b) nie in staat of nie **[bereid]** beskikbaar is om sy of haar funksies as voorsitter te vervul nie,”;
- (d) deur die woord “of” aan die einde van item (aa) van subartikel (3) deur die woord “en” te vervang; en
- (e) deur item (bb) van subartikel (3) deur die volgende item te vervang:
- “(bb) al die bevoegdhede, pligte en funksies van die voorsitter uitoefen en vervul totdat die voorsitter in staat of **[bereid]** beskikbaar is om sy of haar bevoegdhede, pligte en funksies uit te oefen en te vervul **[, na gelang van die geval]**.”.

Vervanging van artikel 6 van Ordonnansie 8 van 1975, soos vervang by artikel 3 van Ordonnansie 13 van 1982

7. Artikel 6 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Kworum en besluite van ’n bestuurskomitee.

6. (1) Die kworum vir ’n vergadering van ’n bestuurskomitee is **[een helfte]** vyftig persent plus een van die totale getal lede van sodanige komitee (breukgetalle word nie ingereken nie).

(2) ’n Bestuurskomitee moet poog om sy besluite deur eenparigheid te bereik.

(3) As ’n bestuurskomitee nie daarin slaag om eenparigheid te bereik nie, kan die aangeleentheid deur ’n stemmery beslis word.

(4) ’n Besluit van ’n bestuurskomitee word geneem deur vyftig persent plus een van die lede wat by die vergadering teenwoordig is (breukgetalle word nie ingereken nie).”.

Wysiging van artikel 7 van Ordonnansie 8 van 1975

8. Artikel 7 van die Hoofordonnansie word gewysig—
- (a) deur die woorde in subartikel (1) wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:
- “’n Bestuurskomitee het **[Die]** die volgende bevoegdhede, pligte en funksies **[van ’n bestuurskomitee is —]**”;
- (b) deur paragraaf (e) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(e) om, onderworpe aan die goedkeuring van die **[Administrateur]** Departementshoof, die tye wanneer en die voorwaardes **[en beperkings]** waarop **[en waaronder]** lede van die publiek **[of enige groep persone of persone behorende tot ’n bepaalde ras of klas]** die museum of enige deel daarvan kan besoek **[en, behoudens die**

bepalings van subartikel (2), die toegangsgelde betaalbaar deur besoekers aan sodanige museum], te bepaal[, en];”;

- (c) deur ná paragraaf (e) van subartikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:
 “(eA) om, behoudens die bepalinge van subartikel (2), die toegangsgelde betaalbaar deur besoekers aan die museum te bepaal, en”;
- (d) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(2) (a) ’n Bestuurskomitee kan vir toegang tot sy museum toegangsgelde bepaal en vra, behoudens die goedkeuring van die Provinsiale Minister.
 (b) Die goedkeuring van die Provinsiale Minister beoog by paragraaf (a) moet in oorleg met die provinsiale minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie verleen word.”; en
- (e) deur die volgende subartikel by te voeg:
 “(3) ’n Bestuurskomitee kan by die bepaling beoog by subartikel (2) (a) voorsiening maak dat ingang tot die betrokke museum gratis is —
 (a) op sekere dae, of
 (b) vir sekere groepe persone.”.

Wysiging van artikel 8 van Ordonnansie 8 van 1975 20

9. Artikel 8 van die Hoofordonnansie word gewysig—
 (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
 “8. [(1)] Die [Administrateur] Departementshoof kan, behoudens die wetsbepalings met betrekking tot die [Provinsiale Diens] staatsdiens, die [beamptes of] werknemers aanstel wat nodig is vir die uitoefening en vervulling deur ’n bestuurskomitee van sy bevoegdhede, pligte en funksies en vir die onderhoud, bestuur, beheer en ontwikkeling van ’n provinsiale museum.”; en
 (b) deur subartikels (2), (3) en (4) te skrap.

Vervanging van artikel 9 van Ordonnansie 8 van 1975, soos gewysig by artikel 4 van Ordonnansie 13 van 1982 30

10. Artikel 9 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Skenkings en bemakings.

9. ’n Skenking of bemaking deur enige persoon, hetsy behoudens voorwaardes, voorbehoude of beperkings al dan nie, van enige roerende of onroerende goed aan die Provinsie, die Provinsiale Regering, ’n bestuurskomitee of ’n provinsiale museum vir die doel om gebruik te word as, deur, in verband met of vir die doel van ’n provinsiale museum, kan behoudens en ooreenkomstig die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), aanvaar word.

Vervanging van artikel 10 van Ordonnansie 8 van 1975

11. Artikel 10 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Geld [geskenk of bemaak aan] ingesamel deur ’n provinsiale museum [moet in Provinsiale Inkomstefonds inbetaal en daarna aan museum beskikbaar gestel word].

10. Alle geld [geskenk of bemaak aan] ingesamel deur ’n provinsiale museum of [aan] deur die bestuurskomitee van ’n provinsiale museum word in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal en word vervolgens op die wyse soos deur die [Administrateur] Departementshoof bepaal en op versoek van die betrokke bestuurskomitee beskikbaar gestel aan sodanige bestuurskomitee vir gebruik in verband met die betrokke museum.”.

Herroeping van artikel 10A van Ordonnansie 8 van 1975, soos ingevoeg by artikel 5 van Ordonnansie 13 van 1982

12. Artikel 10A van die Hoofordonnansie word herroep.

Vervanging van artikel 11 van Ordonnansie 8 van 1975

13. Artikel 11 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang: 5

“Afskaffing van provinsiale museum.

11. (1) Die Provinsiale Minister kan, as hy of sy dit nodig ag, ’n provinsiale museum afskaf, by proklamasie in die *Provinsiale Koerant*, met ingang van ’n datum vermeld in die proklamasie, na oorweging van die volgende: 10

(a) die volhoubaarheid van die betrokke museum;

(b) die bedryfsbehoefes van die Departement, en

(c) die kommentaar beoog by subartikel (2) (b).

(2) Voordat die Provinsiale Minister die proklamasie publiseer, moet die Provinsiale Minister — 15

(a) met die bestuurskomitee van die betrokke provinsiale museum oorleg pleeg, en

(b) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, kommentaar van die publiek aanvra oor die voorgestelde afskaffing van die betrokke provinsiale museum. 20

(3) Wanneer die Provinsiale Minister ’n provinsiale museum afskaf, is die provinsiale museum opgehef en die bestuurskomitee van sodanige museum ontbind.”. 25

Wysiging van artikel 12 van Ordonnansie 8 of 1975

14. Artikel 12 van die Hoofordonnansie word gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: 25

“(3) As die [**Administrateur**] Provinsiale Minister van mening is dat —

(a) ’n gebou wat geskik is om as ’n museum gebruik te word, ter beskikking van die aansoeker is;

(b) die museum minstens ’n [**kern van ’n versameling**] kernversameling 30 het;

(c) die museum ’n tema sal kan ontwikkel soos bepaal deur ’n trusteeeraad wat ingevolge artikel 15 vir sodanige museum saamgestel word [**, en**];

(d) die beskikbare geld tesame met enige subsidie ingevolge artikel 29 toereikend sal wees vir die behoorlike [**dryf**] bedryf en bestuur van die 35 museum[,];

(e) die bedryfsbehoefes van die Departement die verklaring van die museum tot ’n provinsie-ondersteunde museum nodig maak, en

(f) as dit tot ’n provinsie-ondersteunde museum verklaar word, die museum die erfenis van die Provinsie sal beskerm en bevorder, 40

kan hy of sy, by proklamasie in die *Provinsiale Koerant*, sodanige museum tot ’n provinsie-ondersteunde museum verklaar en, in oorleg met die aansoeker, ’n naam aan sodanige museum toewys.”.

Vervanging van artikel 15 van Ordonnansie 8 van 1975, soos gewysig by Proklamasie 87 van 1978 en artikel 4 van Ordonnansie 11 van 1979 45

15. Artikel 15 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Samestelling van ’n trusteeeraad.

15. (1) Behoudens die ander subartikels van hierdie artikel, bestaan ’n trusteeeraad uit —

(a) drie lede aangestel deur die Provinsiale Minister omrede van hul 50 ondervinding in korporatiewe bestuur of spesiale kennis van sake betreffende museums;

- (b) waar die betrokke museum geleë is —
- (i) in die munisipale gebied van 'n metropolitaanse munisipaliteit, een lid benoem deur die raad van die betrokke metropolitaanse munisipaliteit, aangestel deur die Provinsiale Minister, of 5
 - (ii) in die munisipale gebied van 'n plaaslike munisipaliteit, een lid benoem deur die raad van die betrokke plaaslike munisipaliteit en een lid benoem deur die raad van die distriksmunisipaliteit in wie se munisipale gebied sodanige plaaslike munisipaliteit geleë is, albei aangestel deur die Provinsiale Minister; 10
- (c) een lid benoem deur ondersteuners van die betrokke museum, aangestel deur die Provinsiale Minister, en
- (d) een werknemer van die Departement aangewys vir die doel deur die Departementshoof, aangestel deur die Provinsiale Minister. 15
- (2) Die trusteeeraad van die Hugenote-Gedenkmuseum te Franschhoek bestaan uit —
- (a) vier lede aangestel deur die Provinsiale Minister omrede van hul ondervinding in korporatiewe bestuur of spesiale kennis van sake betreffende museums; 20
 - (b) een lid benoem deur die raad van die plaaslike munisipaliteit in wie se munisipale gebied die museum geleë is en een lid benoem deur die raad van die distriksmunisipaliteit in wie se munisipale gebied die plaaslike munisipaliteit geleë is, albei aangestel deur die Provinsiale Minister; 25
 - (c) een lid benoem deur ondersteuners van die museum, aangestel deur die Provinsiale Minister, en
 - (d) een werknemer in die Departement aangewys vir die doel deur die Departementshoof, aangestel deur die Provinsiale Minister. 30
- (3) Die trusteeeraad van die Kangogrotte-Museum te Oudtshoorn bestaan uit —
- (a) vier lede aangestel deur die Provinsiale Minister omrede van hul ondervinding in korporatiewe bestuur of spesiale kennis van sake betreffende museums;
 - (b) drie lede benoem deur die raad van die plaaslike munisipaliteit in wie se munisipale gebied die museum geleë is en een lid benoem deur die raad van die distriksmunisipaliteit in wie se munisipale gebied die plaaslike munisipaliteit geleë is, almal aangestel deur die Provinsiale Minister, en 35
 - (c) een werknemer in die Departement aangewys vir die doel deur die Departementshoof, aangestel deur die Provinsiale Minister. 40
- (4) Die trusteeeraad van die Oude Kerk Volksmuseum van 'T Land van Waveren (Tulbagh) te Tulbagh bestaan uit —
- (a) drie lede aangestel deur die Provinsiale Minister omrede van hul ondervinding in korporatiewe bestuur of spesiale kennis van sake betreffende museums; 45
 - (b) een lid benoem deur die raad van die plaaslike munisipaliteit in wie se munisipale gebied die museum geleë is en een lid benoem deur die raad van die distriksmunisipaliteit in wie se munisipale gebied die plaaslike munisipaliteit geleë is, albei aangestel deur die Provinsiale Minister; 50
 - (c) een lid benoem deur die kerkraad van die Nederduits Gereformeerde Gemeente te Tulbagh, aangestel deur die Provinsiale Minister;
 - (d) een lid benoem deur ondersteuners van die museum, aangestel deur die Provinsiale Minister, en 55
 - (e) een werknemer in die Departement aangewys vir die doel deur die Departementshoof, aangestel deur die Provinsiale Minister.
- (5) Die Provinsiale Minister kan, benewens die lede van 'n trusteeeraad genoem in subartikel (1), (2), (3) of (4), na gelang van die geval, enigiemand as 'n lid van enige sodanige trusteeeraad aanstel omrede van 60

spesiale dienste gelewer aan die betrokke museum deur sodanige persoon of deur enige organisasie wat sodanige persoon verteenwoordig of om enige ander rede wat hy of sy voldoende ag.”.

Vervanging van artikel 16 van Ordonnansie 8 van 1975, soos gewysig by artikel 5 van Ordonnansie 11 van 1979

5

16. Artikel 16 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Ampstermyn van lede van ’n trusteeeraad.

16. (1) ’n Lid van ’n trusteeeraad —
- (a) aangestel ingevolge artikel 15 (1) (a), (2) (a), (3) (a) of (4) (a) beklee sy of haar amp vir ’n tydperk van drie jaar; 10
 - (b) aangestel ingevolge artikel 15 (1) (c), (2) (c) of (4) (d) beklee sy of haar amp tot die volgende benoeming van so ’n lid vir aanstelling deur die Provinsiale Minister by ’n vergadering gehou ingevolge artikel 21 (2);
 - (c) aangestel ingevolge artikel 15 (4) (c) beklee sy of haar amp vir die tydperk wat die kerkraad van die Nederduits Gereformeerde Gemeente te Tulbagh bepaal, en 15
 - (d) uitgesonderd ’n lid beoog by paragrawe (a), (b) en (c), beklee sy of haar amp vir die tydperk bepaal deur die Provinsiale Minister. 20
- (2) **[Enige lid]** ’n Lid van ’n trusteeeraad wat ingevolge artikel 15 (1) (a), (2) (a), (3) (a) of (4) (a) aangestel is wie se ampstermyn verstryk het, kan heraan gestel **[of herkies]** word, **na gelang van die geval**.

Vervanging van artikel 17 van Ordonnansie 8 van 1975

17. Artikel 17 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang: 25

“Vakatures in trusteeeraad en aanvulling daarvan.

17. (1) Die bepalinge van artikel 4 (3) en (3A) is **[mutatis mutandis]**, met die nodige veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing ten opsigte van ’n lid van ’n trusteeeraad.
- (2) ’n Vakature in die amp van ’n lid van ’n trusteeeraad word aangevul deur die aanstelling **[of verkiesing]** van ’n opvolger deur die **[persoon of liggaam wat die voorganger van die persoon wat aldus aangestel of gekies moet word, aangestel of gekies het]** Provinsiale Minister ooreenkomstig artikel 15; met dien verstande dat die **[Administrateur]** Provinsiale Minister kan weier om ’n vakature in die amp van ’n lid wat ingevolge artikel 15 (5) aangestel is, aan te vul. 30
- (3) Enige lid van ’n trusteeeraad wat ingevolge subartikel (2) aangestel **[of gekies]** is, beklee sy of haar amp vir die onverstreke ampstermyn van sy of haar voorganger.”. 35

Vervanging van artikel 18 van Ordonnansie 8 van 1975

40

18. Artikel 18 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Onbevoegdheid vir lidmaatskap van ’n trusteeeraad.

18. **[Niemand kan]** ’n Persoon mag nie as ’n lid van ’n trusteeeraad aangestel **[of gekies]** word nie as —
- (a) hy of sy nie ’n Suid-Afrikaanse burger is nie, tensy die **[Administrateur]** Provinsiale Minister sodanige aanstelling **[of verkiesing]** goedgekeur het[;], of 45
 - (b) hy of sy **[binne die voorafgaande vyf jaar]** skuldig bevind is aan ’n misdryf en gevonnissen is tot **12 of meer maande** gevangenisstraf sonder die keuse van ’n boete.”. 50

Invoeging van artikel 18A in Ordonnansie 8 van 1975

19. Die volgende artikel word ná artikel 18 in die Hoofordonnansie ingevoeg:

“Voorsitter van ’n trusteeeraad.

18A. (1) Die Provinsiale Minister moet, wanneer hy of sy die lede beoog by artikel 15 (1) (a), (2) (a), (3) (a) of (4) (a) aanstel — 5
 (a) een van daardie lede aanwys as voorsitter, en
 (b) nog een van daardie lede aanwys as ondervoorsitter, van die trusteeeraad, en sodanige voorsitter en ondervoorsitter beklee sodanige amp vir die duur van hul ampstermyn as lede van die trusteeeraad. 10
 (2) As die voorsitter of ondervoorsitter van ’n trusteeeraad voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy of sy aangestel is, sy of haar amp ontruim, moet die Provinsiale Minister, by die eerste vergadering van die trusteeeraad na die datum waarop die voorsitter of ondervoorsitter sy of haar amp ontruim het, ’n ander lid beoog by artikel 15 (1) (a), (2) (a), (3) (a) of (4) (a), na gelang van die geval, as voorsitter of ondervoorsitter, na gelang van die geval, van die trusteeeraad aanwys. 15
 (3) Wanneer ook al die voorsitter —
 (a) afwesig is van ’n vergadering van die trusteeeraad, of
 (b) nie in staat of nie beskikbaar is om sy of haar funksies as voorsitter te vervul nie, 20
 moet die ondervoorsitter —
 (i) by sodanige vergadering die voorsitterstoel inneem, en
 (ii) al die bevoegdhede, pligte en funksies van die voorsitter uitoefen en vervul totdat die voorsitter in staat of beskikbaar is om sy of haar bevoegdhede, pligte en funksies uit te oefen en te vervul.”. 25

Vervanging van artikel 19 van Ordonnansie 8 van 1975

20. Artikel 19 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Kworum en besluite van ’n trusteeeraad.

19. Die bepalinge van artikel 6 is van toepassing, met die nodige veranderinge wat die samehang vereis, ten opsigte van ’n vergadering van ’n trusteeeraad.”. 30

Wysiging van artikel 20 van Ordonnansie 8 van 1975, soos gewysig by artikel 1 van Ordonnansie 9 van 1983 en Proklamasie 149 van 1993

21. Artikel 20 van die Hoofordonnansie word gewysig— 35

- (a) deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(a) van die [Administrateur] Provinsiale Minister, onroerende goed mag koop, huur, verhuur, verkoop, ruil of andersins vervoer of, onderworpe aan artikel 30, op enige wyse beswaar nie, of”; en
 (b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: 40
 “(2) ’n Trusteeraad kan die komitees en subkomitees aanstel wat hy nodig [of wenslik] ag, en enige sodanige komitee of subkomitee oefen die bevoegdhede uit en vervul die pligte en funksies wat die trusteeeraad aan hom deleger of wat voorgeskryf is.”.

Wysiging van artikel 21 van Ordonnansie 8 van 1975, soos gewysig by artikel 2 van Ordonnansie 9 van 1983 45

22. Artikel 21 van die Hoofordonnansie word gewysig—

- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
 “21. (1) Elke trusteeeraad stel [so spoedig moontlik na die een-en-dertigste dag van Maart van elke jaar] jaarliks binne twee maande na die einde van die finansiële jaar ’n verslag op oor sy werksaamhede en die [dryf] bedryf en bestuur van die museum tesame met [’n staat] 50

finansiële state van sy inkomste en uitgawe gedurende die vorige finansiële jaar en lê dit aan die **[Administrateur]** Departementshoof voor.”;

- (b) deur in paragraaf (a) van subartikel (2) die uitdrukking “staat” deur die uitdrukking “finansiële state” te vervang; 5
- (c) deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:
“(b) die lid **[of lede]** van die trusteeeraad beoog by artikel 15 (1) (c) **[of]**,
(2) (c) of (4) (d), na gelang van die geval, **[gekies]** word deur die
Provinsiale Minister vir aanstelling benoem.”; en
- (d) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: 10
“(3) Elke ondersteuner word van ’n algemene vergadering in subartikel (2) genoem, in kennis gestel per brief wat minstens sewe dae voor die datum van sodanige vergadering per gewone of elektroniese pos aan hom of haar gestuur word.”.

Vervanging van artikel 24 van Ordonnansie 8 van 1975 15

23. Artikel 24 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Personeeldiensstaat.

24. (1) Die **[Administrateur]** Departementshoof bepaal die personeeldiensstaat van ’n provinsie-ondersteunde museum en die gradering van poste op sodanige diensstaat **[en maak voorsiening op sodanige diensstaat vir ’n pos van direkteur van die betrokke museum]**. 20

(2) Behoudens die bepalings van artikel 25 [(c)] (2) mag geen trusteeeraad **[meer]** enige personeel **[as]** bykomend by die personeeldiensstaat bepaal vir die museum aanstel **[of in diens neem]**, 25
sonder die skriftelike toestemming van die Departementshoof nie.”.

Vervanging van artikel 25 van Ordonnansie 8 van 1975, soos gewysig by Proklamasie 149 van 1993

24. Artikel 25 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Aanstelling en beëindiging van diens van personeel. 30

25. (1) ’n Trusteeraad kan, behoudens die toepaslike wetgewing wat die aanstelling en beëindiging van diens van personeel reël —

- (a) personeel ooreenkomstig die personeeldiensstaat genoem in artikel 24 (1) aanstel, of
(b) die diens van personeel wat aldus aangestel is, beëindig. 35

(2) ’n Trusteeraad wat personeel bykomend by die personeeldiensstaat vir die betrokke museum wil aanstel, moet by die Departementshoof om toestemming daarvoor aansoek doen deur ’n skriftelike aansoek by die Departement in te dien.

(3) Die Departementshoof kan die toestemming verleen as hy of sy van mening is dat, na oorweging van die volgende, die bykomende personeel nodig is vir die trusteeeraad om sy bevoegdhede, pligte en funksies uit te voer en te vervul: 40

- (a) die finansiële implikasies van die voorgestelde aanstelling van die bykomende personeel; 45
(b) die behoefte aan spesifieke vaardighede of kundigheid in die betrokke museum, en
(c) of die aanstelling van die bykomende personeel in die behoefte vir die spesifieke vaardighede of kundigheid sal voorsien.”.

Wysiging van artikel 26 van Ordonnansie 8 van 1975

25. Artikel 26 van die Hoofordonnansie word gewysig deur die volgende subartikel by te voeg, terwyl die bestaande subartikel (1) word:

“(2) ’n Trusteeraad kan, as dit in die belang van die betrokke museum is, behoudens toepaslike wetgewing wat die aftrede van personeel reël en ooreenkomstig die regulasies beoog by subartikel (1), ’n personeellid in sy of haar pos behou verby die ouderdom waarop dit van hom of haar vereis word om af te tree, met sy of haar toestemming en met die goedkeuring van die Departementshoof, van tyd tot tyd vir verdere tydperke, wat nie die gemiddelde voorgeskrewe tydperk mag oorskry nie.”

Herroeping van artikels 27 en 28 van Ordonnansie 8 van 1975

26. Artikels 27 en 28 van die Hoofordonnansie word herroep.

Vervanging van artikel 29 van Ordonnansie 8 van 1975

27. Artikel 29 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang: 15

“Subsidies.

29. (1) Die Departementshoof moet, uit geld deur die Provinsiale Parlement vir die doel bewillig, aan elke trusteeraad, uitgesonderd die trusteeraad van die Kangogrotte-Museum genoem in artikel 15 (3), ’n jaarlikse subsidie betaal behoudens die voorwaardes wat die Departementshoof oplê, om vir die doeleindes van die betrokke museum gebruik te word. 20

(2) Ondanks subartikel (1) kan die Departementshoof, om grondige redes en by die beskikbaarheid van voldoende fondse aan die Departement vir daardie doel, ’n subsidie aan die trusteeraad van die Kangogrotte-Museum toeken om vir die doeleindes van die museum gebruik te word. 25

(3) Die bedrag van enige subsidie betaal aan ’n trusteeraad kragtens subartikel (1) of (2), na gelang van die geval, mag deur die trusteeraad gebruik word slegs vir die betaling van — 30

(a) salarisse, lone en toelaes, en

(b) die instandhoudingskoste van die betrokke museum.

(4) Om ’n subsidie betaalbaar ingevolge hierdie artikel te verkry, moet ’n trusteeraad — 35

(a) teen die datum en op die wyse wat die Departementshoof gelas, ’n begroting van die trusteeraad se uitgawes beoog by subartikel (3) vir die volgende finansiële jaar aan die Departement voorlê, tesame met sy plan van hoe die trusteeraad beoog om sy bevoegdhede, pligte en funksies in die volgende finansiële jaar uit te oefen en te vervul, en 40

(b) ten opsigte van die trusteeraad van die Kangogrotte-Museum, ook ’n skriftelike verklaring voorlê wat die redes waarom ’n subsidie aangevra word, uiteensit.

(5) As die inligting in die begroting, plan of, waar van toepassing, die verklaring in so ’n mate onvoldoende is dat die Departementshoof nie ’n bepaling of oorweging soos beoog by subartikel (6) of (7) (a) onderskeidelik kan maak nie, kan die Departementshoof — 45

(a) waar die tekortkoming reggestel kan word deur die voorlegging van bykomende inligting, die betrokke trusteeraad versoek om bykomende inligting aan die Departement voor te lê, of 50

(b) waar die tekortkoming so wesenlik is dat dit nie reggestel kan word deur die voorlegging van bykomende inligting nie, die betrokke trusteeraad versoek om ’n nuwe begroting, nuwe plan of, waar van toepassing, nuwe verklaring aan die Departement voor te lê, teen die datum en op die wyse wat die Departementshoof gelas. 55

(6) By ontvangs van die begroting en plan en, waar van toepassing, die bykomende inligting, nuwe begroting of nuwe plan, na gelang van die geval, moet die Departementshoof, behoudens subartikel (7), die bedrag van die subsidie betaalbaar aan 'n trusteeeraad gebaseer op die begroting of, waar van toepassing, die nuwe begroting wat voorgelê is, bepaal en goedkeur, en 'n subsidie ingevolge subartikel (1) mag slegs vir sodanige goedgekeurde bedrag betaal word. 5

(7) (a) Die Departementshoof moet, by ontvangs van die begroting, plan en verklaring of, waar van toepassing, die bykomende inligting, nuwe begroting, nuwe plan of nuwe verklaring, na gelang van die geval, die versoek om 'n subsidie deur die trusteeeraad van die Kangogrotte-Museum oorweeg en, as hy of sy tevrede is dat grondige redes vir die versoek bestaan en dat voldoende fondse aan die Departement beskikbaar is, die bedrag van die subsidie betaalbaar aan die trusteeeraad ooreenkomstig subartikel (6) bepaal en goedkeur, en 'n subsidie ingevolge subartikel (2) mag slegs vir sodanige goedgekeurde bedrag betaal word. 10 15

(b) As die Departementshoof, by ontvangs van die tersaaklike dokumente en na oorweging van die versoek nie tevrede is dat goeie gronde vir die versoek bestaan en dat voldoende fondse aan die Departement beskikbaar is nie, moet die Departementshoof die versoek verwerp en die trusteeeraad van die Kangogrotte-Museum van sy of haar besluit en die redes vir die besluit in kennis stel. 20

(8) Die bepalinge van hierdie artikel belet nie 'n trusteeeraad om meer as die bedrag van die goedgekeurde subsidie wat in verband met die betrokke museum aan sodanige trusteeeraad betaalbaar is, te bestee nie, maar enige uitgawes wat sodanige goedgekeurde bedrag oorskry, kwalifiseer nie vir 'n subsidie ingevolge hierdie artikel nie.''. 25

Invoeging van artikel 29A in Ordonnansie 8 van 1975

28. Die volgende artikel word ná artikel 29 in die Hoofordonnansie ingevoeg: 30

“Bykomende fondse.

29A. (1) Die Departementshoof kan, uit sy of haar eie beweging of op aansoek deur 'n trusteeeraad, uit geld deur die Provinsiale Parlement vir die doel bewillig, aan 'n trusteeeraad aan wie 'n subsidie beoog by artikel 29 vir die lopende finansiële jaar betaal is, in dieselfde finansiële jaar fondse bykomend by sodanige subsidie betaal, behoudens die voorwaardes opgelê deur die Departementshoof. 35

(2) Waar die Departementshoof uit eie beweging ingevolge subartikel (1) handel, moet die Departementshoof die betrokke trusteeeraad versoek om die dokumente genoem in subartikel (4) ooreenkomstig daardie subartikel voor te lê. 40

(3) Die Departementshoof mag nie ingevolge hierdie artikel bykomende fondse aan 'n trusteeeraad betaal nie, tensy hy of sy van mening is dat, na oorweging van die volgende, bykomende fondse nodig is vir die trusteeeraad om sy bevoegdhede, pligte en funksies uit te oefen en te vervul en dat voldoende fondse vir die doel aan die Departement beskikbaar is: 45

- (a) of voldoende fondse vir die doel aan die Departement beskikbaar is;
- (b) die behoeftes van die trusteeeraad, en
- (c) die redes waarom die behoeftes bestaan. 50

(4) Om bykomende fondse ingevolge hierdie artikel te verkry, moet 'n trusteeeraad, teen die datum en op die wyse wat die Departementshoof gelas, die volgende aan die Departement voorlê:

- (a) die behoeftes van die trusteeeraad vir die lopende finansiële jaar en die redes waarom bykomende fondse benodig word; 55
- (b) 'n begroting van die bedrag bykomende fondse wat vir die lopende finansiële jaar benodig word, en
- (c) 'n plan van hoe die trusteeeraad beoog om die bykomende fondse te bestee om in sy behoeftes te voorsien.

(5) By ontvangs van al die dokumente genoem in subartikel (4), moet die Departementshoof die aansoek om bykomende fondse oorweeg of, waar die Departementshoof uit eie beweging gehandel het, die versoekte dokumente oorweeg, na gelang van die geval, en, as die Departementshoof tevrede is dat bykomende fondse nodig is vir die trusteeraad om sy bevoegdhede, pligte en funksies uit te voer en te vervul en dat voldoende fondse aan die Departement beskikbaar is, moet die Departementshoof die bedrag van bykomende fondse betaalbaar aan die trusteeraad bepaal en goedkeur gebaseer op die dokumente wat voorgelê is, en bykomende fondse ingevolge subartikel (1) sal slegs betaal word vir sodanige goedgekeurde bedrag. 5

(6) As die Departementshoof, na oorweging van die aansoek of die versoekte dokumente, na gelang van die geval, nie tevrede is dat bykomende fondse nodig is vir die trusteeraad om sy bevoegdhede, pligte en funksies uit te oefen en te vervul nie of dat voldoende fondse aan die Departement beskikbaar is nie, moet die Departementshoof die aansoek verwerp of bepaal dat die trusteeraad nie bykomende fondse benodig nie, na gelang van die geval, en die betrokke trusteeraad skriftelik van sy of haar besluit en die redes vir die besluit in kennis stel. 10

(7) Die bedrag van enige bykomende fondse wat ingevolge hierdie artikel aan 'n trusteeraad betaal is, moet deur 'n trusteeraad gebruik word — 20

- (a) slegs vir die doeleindes wat die Departementshoof gelas, en
- (b) in die finansiële jaar waarin dit betaal is of binne 'n ander tydperk wat die Departementshoof gelas.”. 25

Wysiging van artikel 30 van Ordonnansie 8 van 1975

29. Artikel 30 van die Hoofordonnansie word gewysig—

- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“30. (1) 'n Trusteeraad kan met die skriftelike goedkeuring van die **[Administrateur]** provinsiale minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie — 30

- (a) lenings aangaan vir enige doel wat hy nodig **[of wenslik]** ag in verband met die uitoefening of vervulling van sy bevoegdhede, pligte en funksies **[, en]**;

(aA) slegs as nodig, korttermynlenings aangaan vir finansiële tekorte wat in die finansiële jaar waarin die lening aangegaan word, ontstaan, en as voldoende inkomste gedurende daardie finansiële jaar deur die trusteeraad ontvang sal word om sodanige lening terug te betaal, en 35

- (b) as sekuriteit vir die terugbetaling van enige lening, enige onroerende goed wat onder sy berusting is, verpand of andersins beswaar.”; 40

- (b) deur subartikels (2) en (3) te skrap;

- (c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Geen onroerende goed wat op naam van 'n trusteeraad geregistreer is **[soos by subartikel (3) beoog]**, mag vervreem word nie tensy [— 45

- (a)] enige lening aangegaan met die doel om sodanige onroerende goed aan te skaf of **[die betrokke] 'n** gebou op te rig, tesame met enige rente daarop, ten volle terugbetaal is **[en alle betalings gedoen en uitgawes aangegaan deur die Administrateur ooreenkomstig 'n waarborg ingevolge subartikel (2) ten opsigte van sodanige lening terugbetaal is, of** 50

(b) sodanige waarborg ingetrek is, watter ook al die vroegste plaasvind].”; en 55

- (d) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) Vir die doeleindes van hierdie artikel beteken “korttermynlening” 'n lening waar die tydperk waarbinne dit terugbetaal moet word, minder as ses maande is.”.

Vervanging van artikel 31 van Ordonnansie 8 van 1975

30. Artikel 31 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Ontvangs en belegging van geld deur ’n trusteeeraad.

31. (1) Alle geld deur ’n trusteeeraad ontvang, word op die [voor-
geskrewe] wyse beoog by artikels 21 en 32 verantwoord. 5

(2) [Alle geld] Geld wat ingevolge artikel 29 of 29A deur ’n trusteeeraad [gehou word] ontvang is en wat nie onmiddellik deur hom benodig [is] word in verband met die uitoefening en vervulling van sy bevoegdhede, pligte en funksies nie, word deur sodanige trusteeeraad op rente belê — 10

- (a) by enige bankinstelling wat ingevolge die Bankwet, [1965 (Wet 23 van 1965)] 1990 (Wet 94 van 1990), [finaal geregistreer is of by enige bouvereniging wat ingevolge die Bouverenigingswet, 1965 (Wet 24 van 1965) geregistreer is;] of 15
- (b) in staatseffekte [, of 15
- (c) met die goedkeuring van die Administrateur, in die algemeen of spesiaal verleen, as ’n lening aan die raad van enige munisipaliteit of aan enige afdelingsraad of enige liggaam by wet binne die Republiek in die lewe geroep].”

Vervanging van artikel 32 van Ordonnansie 8 van 1975, soos vervang by artikel 3 van Ordonnansie 9 van 1983 20

31. Artikel 32 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Oudit van rekeninge.

32. (1) ’n Trusteeraad moet ’n ouditeur aanstel om die finansiële state beoog by artikel 21 te oudit. 25

(2) Die trusteeeraad moet, binne twee maande na die voorlegging van die finansiële state aan die Departementshoof ingevolge artikel 21, die volgende aan die Departementshoof voorlê:

- (a) die geouditeerde finansiële state, en 30
- (b) die ouditeur se verslag van daardie state.”

Invoeging van artikel 32A in Ordonnansie 8 van 1975

32. Die volgende artikel word ná artikel 32 in die Hoofordonnansie ingevoeg:

“Finansiële wangedrag.

32A. (1) ’n Trusteeraad pleeg ’n daad van finansiële wangedrag as hy opsetlik of weens nalatigheid — 35

- (a) versuim om aan artikel 21 (1), 31 of 32 te voldoen, of
- (b) geld wat ingevolge artikel 29 of 29A aan sodanige trusteeeraad betaal is, vir ’n ander doel gebruik as wat deur daardie artikels beoog word. 40

(2) As ’n trusteeeraad ’n daad van finansiële wangedrag pleeg kan die Provinsiale Minister redelike stappe doen wat hy of sy nodig ag, met inbegrip van — 40

- (a) die aanstelling van ’n administrateur om die finansiële sake van die trusteeeraad te administreer en die bevoegdhede, pligte en funksies van die trusteeeraad wat met die finansiële sake van die trusteeeraad verband hou, uit te voer en te vervul, en 45
- (b) die skorsing van ’n lid van die trusteeeraad of die beëindiging van die ampstermyn van ’n lid van die trusteeeraad.

(3) Voordat die Provinsiale Minister enige regstellende stappe beoog by subartikel (2) doen, moet die Departementshoof aan die voorsitter van die betrokke trusteeeraad ’n voldoeningkennisgewing en afskrifte 50

- daarvan aan die lede van die trusteeeraad uitreik wat die volgende moet bevat:
- (a) 'n beskrywing van die finansiële wangedrag wat die nievoldoening deur die trusteeeraad aan die bepalings van hierdie ordonnansie uitmaak; 5
- (b) die stappe wat die trusteeeraad moet doen en die tydperk waarbinne daardie stappe gedoen moet word om die nievoldoening reg te stel, en
- (c) 'n mededeling aan die trusteeeraad dat, as dit versuim om enige stappe beoog by paragraaf (b) te doen, die Departementshoof die saak na die Provinsiale Minister sal verwys om regstellende stappe ingevolge subartikel (2) te doen. 10
- (4) As die trusteeeraad binne die tydperk vermeld in die voldoeningskennisgewing aan al die stappe beoog by subartikel (3) (b) voldoen het, moet die Departementshoof die Provinsiale Minister en die trusteeeraad skriftelik in kennis stel van die voldoening aan die bepalings van die voldoeningskennisgewing. 15
- (5) As 'n trusteeeraad versuim om binne die tydperk vermeld in die voldoeningskennisgewing aan enige of al die stappe beoog by subartikel (3) (b) te voldoen — 20
- (a) moet die Departementshoof, na die verstryking van die tydperk, die Provinsiale Minister skriftelik in kennis stel van die nievoldoening of gedeeltelike nievoldoening, na gelang van die geval, van die trusteeeraad aan die bepalings van die voldoeningskennisgewing, en
- (b) die Provinsiale Minister moet na ontvangs van die kennisgewing beoog by paragraaf (a) die trusteeeraad skriftelik in kennis stel van die voorgestelde regstellende stappe wat gedoen staan te word. 25
- (6) Die kennisgewing aan die trusteeeraad beoog by subartikel (5) (b) moet, behoudens subartikel (7), die volgende vermeld:
- (a) die nievoldoening of gedeeltelike nievoldoening, na gelang van die geval, van die trusteeeraad aan die bepalings van die voldoeningskennisgewing; 30
- (b) die aard en doel van die regstellende stappe wat ingevolge subartikel (2) gedoen staan te word;
- (c) dat die trusteeeraad geregtig is om binne 30 dae van ontvangs van die kennisgewing skriftelike verdoë aan die Provinsiale Minister te rig, en 35
- (d) waar die regstellende stappe vir die aanstelling van 'n administrateur voorsiening maak, dat die tydperk van sodanige aanstelling ingevolge subartikel (14) verleng kan word. 40
- (7) As die nievoldoening deur 'n daad van finansiële wangedrag soos beoog by subartikel (1) (b) veroorsaak is, kan die Provinsiale Minister afsien van die tydperk genoem in subartikel (6) (c) en 'n korter tydperk in die kennisgewing vermeld, met dien verstande dat sodanige korter tydperk die betrokke trusteeeraad 'n redelike geleentheid bied om skriftelike verdoë aan die Provinsiale Minister te rig. 45
- (8) Die Provinsiale Minister kan, by verstryking van die tydperk genoem in subartikel (6) (c) of, waar van toepassing, die korter tydperk beoog by subartikel (7), ongeag of die Provinsiale Minister enige skriftelike verdoë van die betrokke trusteeeraad ontvang het, en na behoorlike oorweging van al die relevante feite, met inbegrip van enige gedeeltelike voldoening deur die trusteeeraad aan die voldoeningskennisgewing en enige skriftelike verdoë wat die trusteeeraad gerig het, die regstellende stappe doen. 50
- (9) Die Provinsiale Minister moet, nadat hy of sy die regstellende stappe ooreenkomstig subartikel (8) gedoen het, die betrokke trusteeeraad skriftelik van die redes waarom hy of sy dit gedoen het, in kennis stel. 55
- (10) As 'n administrateur ingevolge subartikel (2) (a) aangestel word, moet die administrateur die betrokke trusteeeraad se finansiële sake administreer, en die bevoegdhede, pligte en funksies van daardie trusteeeraad wat met sy finansiële sake verband hou, uitoefen en vervul en, in die volgende volgorde: 60

- (a) binne 'n tydperk bepaal deur die Provinsiale Minister 'n verslag van die sake van die betrokke trusteeeraad aan die Departementshoof voorlê;
- (b) waar van toepassing, in oorleg met die Departementshoof, 'n herstelplan vir die trusteeeraad voorstel; 5
- (c) waar van toepassing, toesien dat die herstelplan binne 'n tydperk bepaal deur die Provinsiale Minister geïmplementeer word, en
- (d) waar van toepassing, by voltooiing van die implementering van die herstelplan, aan die Departementshoof 'n finale verslag van die sake van die trusteeeraad voorlê. 10
- (11) Die Provinsiale Minister kan, op versoek van die administrateur en na oorleg met die Departementshoof, die tydperk beoog by subartikel (10) (c) verleng.
- (12) Die Provinsiale Minister kan, in oorleg met die Departementshoof en oorweging van die verslag genoem in subartikel (10) (a) of die finale verslag genoem in subartikel (10) (d), na gelang van die geval, bepaal dat — 15
- (a) die trusteeeraad in staat is om sy finansiële sake te administreer en sy bevoegdhede, pligte en funksies wat met finansiële sake verband hou, uit te oefen en te vervul, 20
- (b) die trusteeeraad met die verdere bystand van die administrateur in staat is om sy finansiële sake te administreer en sy bevoegdhede, pligte en funksies wat met finansiële aangeleenthede verband hou, uit te oefen en te vervul, of
- (c) die trusteeeraad nie in staat is om sy finansiële sake te administreer en sy bevoegdhede, pligte en funksies wat met finansiële sake verband hou, uit te oefen en te vervul nie en die bystand en ondersteuning van die Departement benodig om dit te doen. 25
- (13) Die Provinsiale Minister moet die trusteeeraad skriftelik van sy bepaling in kennis stel. 30
- (14) As die Provinsiale Minister 'n bepaling beoog by subartikel (12) (b) maak, kan die Provinsiale Minister die tydperk van aanstelling van die administrateur verleng op die belyings en voorwaardes bepaal deur die Provinsiale Minister.”.

Wysiging van artikel 34 van Ordonnansie 8 van 1975 35

33. Artikel 34 van die Hoofordonnansie word gewysig—

(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) By ontvangs van enige aansoek ingevolge subartikel (1) kan die **[Administrateur] Provinsiale Minister** 'n inspeksie van sodanige museum laat uitvoer en van die aansoeker verlang om aan hom of haar dié inligting ten opsigte van sodanige museum te verstrek wat hy of sy nodig **[of wenslik]** ag.”; en 40

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) As die **[Administrateur] Provinsiale Minister** van mening is dat — 45

(a) die bedryfsbehoefes van die Departement die verklaring van die museum tot 'n plaaslike museum nodig maak, en

(b) sodanige museum, indien dit tot 'n plaaslike museum verklaar word, **[in die kulturele of opvoedkundige behoeftes van die publiek of 'n gedeelte van die publiek sal voorsien,] die erfenis van die gemeenskap van die plaaslike munisipaliteit in wie se munisipale gebied die museum geleë is, sal beskerm en bevorder, kan hy of sy by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* sodanige museum tot 'n plaaslike museum verklaar en, in oorleg met die aansoeker, 'n naam aan sodanige museum toewys.”. 50 55**

Vervanging van artikel 35 van Ordonnansie 8 van 1975

34. Artikel 35 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Plaaslike museum moet onder bestuur, beheer en leiding van ’n beheerraad wees.

35. ’n Plaaslike museum is onder die bestuur, beheer en leiding van ’n beheerraad bestaande uit —

- (a) twee lede deur die **[Administrateur]** Provinsiale Minister aangestel;
- (b) **[twee lede aangestel]** een lid benoem deur die raad **[wat jurisdiksie en beheer het in die gebied waarin]** van die plaaslike munisipaliteit in wie se munisipale gebied die museum geleë is, aangestel deur die Provinsiale Minister, en
- (c) twee lede deur ondersteuners van die betrokke museum **[gekies]** benoem, aangestel deur die Provinsiale Minister; met dien verstande dat waar ’n museum minder as tien ondersteuners het, geen lede ingevolge hierdie paragraaf **[gekies]** aangestel word nie en, in plaas van sodanige lede, twee bykomende lede ingevolge paragraaf (b) aangestel word.”.

Vervanging van artikel 37 van Ordonnansie 8 van 1975

35. Artikel 37 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang: 20

“Ampstermyn van lede van beheerraad.

37. (1) ’n Lid van ’n beheerraad aangestel ingevolge —

- (a) artikel 35 (a) beklee die amp vir ’n tydperk van drie jaar;
 - (b) artikel 35 (b) beklee die amp vir die tydperk bepaal deur die Provinsiale Minister, en
 - (c) artikel 35 (c) beklee die amp tot en met die volgende benoeming van so ’n lid vir aanstelling deur die Provinsiale Minister op ’n algemene vergadering van ondersteuners.
- (2) **[Enige]** ’n Lid van ’n beheerraad wat ingevolge artikel 35 (a) aangestel is wie se ampstermyn verstryk het, kan heraangetel **[of herkies]** word **[, na gelang van die geval]**.”.

Vervanging van artikel 38 van Ordonnansie 8 van 1975

36. Artikel 38 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Vakatures in ’n beheerraad en aanvulling daarvan en onbevoegdheid vir lidmaatskap van sodanige raad. 35

38. Die bepalinge van artikels 4 (3) en (3A), 17 (2) en (3) en 18 is **[mutatis mutandis]**, met die nodige veranderinge wat die samehang vereis, van toepassing ten opsigte van enige vakature in die amp van ’n lid van ’n beheerraad en die aanstelling **[of verkiesing]** van ’n lid van sodanige raad.”. 40

Invoeging van artikels 38A en 38B in Ordonnansie 8 van 1975

37. Die Hoofordonnansie word gewysig deur die volgende artikels ná artikel 38 in te voeg:

“Voorsitter van ’n beheerraad.

- 38A. (1) Die Provinsiale Minister moet, wanneer hy of sy die lede beoog by artikel 35 (a) aanstel —
- (a) een lid as voorsitter, en
 - (b) die ander lid as ondervoorsitter,

van die betrokke beheerraad aanwys, en sodanige voorsitter en ondervoorsitter beklee hul amp vir die duur van hul ampstermyn as lede van die beheerraad.

(2) As 'n voorsitter of ondervoorsitter van 'n beheerraad sy of haar amp ontruim voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy of sy aangestel is, moet die Provinsiale Minister, voor die eerste vergadering van die beheerraad ná die datum waarop die voorsitter of ondervoorsitter sy of haar amp ontruim het, 'n lid ooreenkomstig artikel 35 (a) aanstel en sodanige lid ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) as voorsitter of ondervoorsitter, na gelang van die geval, van die beheerraad aanwys.

(3) Wanneer ook al die voorsitter —

- (a) afwesig is van 'n vergadering van die beheerraad, of
- (b) nie in staat of beskikbaar is om sy of haar funksies as voorsitter te vervul nie,

moet die ondervoorsitter —

- (i) by sodanige vergadering die voorsitterstoel inneem, en
- (ii) alle bevoegdhede, pligte en funksies van die voorsitter uitoefen en vervul totdat die voorsitter in staat en beskikbaar is om sy of haar bevoegdhede, pligte en funksies uit te oefen en te vervul.

Kworum van besluite van 'n beheerraad.

38B. Die bepalings van artikel 6 is van toepassing, met die nodige veranderinge wat die samehang vereis, ten opsigte van 'n vergadering van 'n beheerraad.'.

Vervanging van artikel 39 van Ordonnansie 8 van 1975

38. Artikel 39 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Betaling van toelaes aan beheerrade.

39. (1) Die Departementshoof kan, uit geld deur die Provinsiale Parlement vir die doel bewillig en op aansoek deur 'n beheerraad, aan sodanige beheerraad 'n toelae betaal waarvan die Departementshoof die bedrag bepaal en wat onderworpe is aan die voorwaardes wat die Departementshoof bepaal, vir gebruik deur sodanige beheerraad in die volgende finansiële jaar om die museum te bedryf en te bestuur.

(2) Die Departementshoof mag nie 'n toelae aan 'n beheerraad betaal nie, tensy hy of sy van mening is dat, na oorweging van die volgende, die toelae nodig is vir die beheerraad om die museum te bedryf en te bestuur en dat voldoende fondse vir die doel aan die Departement beskikbaar is:

- (a) of voldoende fondse vir die doel aan die Departement beskikbaar is;
- (b) die behoeftes van die beheerraad, en
- (c) die redes waarom die behoefte bestaan.

(3) Om 'n toelae ingevolge hierdie artikel te verkry, moet 'n trusteeeraad, teen die datum en op die wyse wat die Departementshoof gelas, die volgende aan die Departementshoof voorlê:

- (a) die behoeftes van die beheerraad vir die bedryf en bestuur van die museum;
- (b) 'n begroting van die uitgawes van die beheerraad vir die volgende finansiële jaar, en
- (c) 'n plan van hoe die beheerraad beoog om die toelae te bestee om in sy behoeftes te voorsien en sy bevoegdhede, pligte en funksies in die volgende finansiële jaar uit te oefen en te vervul.

(4) By ontvangs van al die dokumente genoem in subartikel (3), moet die Departementshoof die aansoek om 'n toelae oorweeg en, as hy of sy tevrede is dat die toelae nodig is vir die beheerraad om die museum te bedryf en te bestuur en dat voldoende fondse aan die Departement beskikbaar is, moet die Departementshoof die bedrag van die toelae betaalbaar aan die beheerraad bepaal en goedkeur gebaseer op die dokumente wat voorgelê is, en 'n toelae ingevolge subartikel (1) mag slegs vir sodanige goedgekeurde bedrag betaal word.

(5) As die Departementshoof, na oorweging van die aansoek, nie tevrede is dat 'n toelae nodig is vir gebruik deur die beheerraad om die museum te bedryf en te bestuur nie of dat voldoende fondse aan die Departement beskikbaar is nie, moet die Departementshoof die aansoek verwerp en die beheerraad skriftelik van sy of haar besluit en die redes vir die besluit in kennis stel." 5

Wysiging van artikel 40 van Ordonnansie 8 van 1975

39. Artikel 40 van die Hoofordonnansie word gewysig—

- (a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: 10
 “(2) Die funksies van die komitee is om die Departement of die **[Administrateur]** Provinsiale Minister, na gelang van die geval, van raad te dien oor die aangeleenthede insake museums of die toepassing van hierdie ordonnansie wat hy nodig **[of wenslik]** ag of wat deur die Departement of die **[Administrateur]** Provinsiale Minister na hom verwys word.”; 15
- (b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang: 15
 “(4) Aan elke lid van die komitee wat nie 'n **[amptenaar, beampte of]** werknemer in die staatsdiens **[of in die diens van 'n provinsiale administrasie]** is nie, kan uit geld deur die Provinsiale **[Raad]** Parlement vir die doel bewillig en as die **[Administrateur]** Provinsiale Minister aldus besluit, die besoldiging of toelae betaal word wat die **[Administrateur]** Provinsiale Minister in oorleg met die provinsiale minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie bepaal.”; en 20
- (c) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang: 25
 “(5) Die lede van die komitee beklee hul amp **[solank dit die Administrateur behaag]** vir die tydperk wat die Provinsiale Minister bepaal.”.

Wysiging van artikel 41 van Ordonnansie 8 van 1975

40. Artikel 41 van die Hoofordonnansie word gewysig—

- (a) deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 30
 “(a) **[die verkiesing van 'n voorsitter of ondervoorsitter van 'n trusteeeraad en]** die aanstelling van 'n sekretaris en 'n tesourier in 'n trusteeeraad;”;
- (b) deur paragrawe (d), (f), (g), (h), (i), (j), (k), (l), (m), (n), (p) en (q) van subartikel (1) te skrap; en 35
- (c) deur paragraaf (s) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 35
 “(s) in die algemeen alle sake wat **[hy]** die Provinsiale Minister nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie ordonnansie te bevorder of te bereik **[, en die algemeenheid van hierdie bepaling word nie deur die voorafgaande paragrawe van hierdie subartikel beperk nie].**” 40

Vervanging van artikel 42 van Ordonnansie 8 van 1975

41. Artikel 42 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Provinsie-ondersteunde of plaaslike museum kan as 'n provinsiale museum gestig word. 45

42. (1) 'n Trusteeraad van 'n provinsie-ondersteunde museum of 'n beheerraad van 'n plaaslike museum kan skriftelik by die Provinsiale Minister aansoek doen om sodanige museum as 'n provinsiale museum te stig.

- (1A) Die aansoek moet — 50
- (a) die redes vir die aansoek vermeld, en
- (b) vergesel wees van die volledige besonderhede van die bates en laste van die betrokke museum, met inbegrip van die besonderhede van die grond en geboue waarop of waarin die museum geleë is.

(2) By ontvangs van 'n aansoek ingevolge subartikel (1) en die inligting genoem in subartikel (1A), kan die **[Administrateur] Provinsiale Minister** 'n ondersoek van die museum laat uitvoer en kan hy of sy van die aansoeker verlang om hom of haar te voorsien van die inligting wat **[hy]** die Provinsiale Minister nodig ag. 5

(3) As die Provinsiale Minister van mening is dat, na oorweging van die volgende, die toestaan van die aansoek nodig is om die erfenis van die Provinsie te beskerm en te bevorder, kan die Provinsiale Minister by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* die betrokke museum as 'n provinsiale museum stig met ingang van 'n datum vermeld in die proklamasie, en die bepaling van Hoofstuk II is ten opsigte van sodanige museum van toepassing: 10

- (a) die redes vir die aansoek, en
- (b) die bedryfsbehoefes van die Departement.

(4) Met ingang van die datum by subartikel (3) beoog, word die **[Administrasie] Provinsiale Regering** geag die regsopvolger van die betrokke trusteeeraad of beheerraad te wees en die bepaling van artikel 14 (a), (b) en (c) is *[mutatis mutandis]* van toepassing, met die nodige veranderinge wat die samehang vereis, ten opsigte van die betrokke museum, en enige verwysing in dié artikel na 'n bestuursliggaam word uitgelê as 'n verwysing na sodanige trusteeeraad of beheerraad, na gelang van die geval." 15 20

Wysiging van artikel 43 van Ordonnansie 8 van 1975, soos gewysig by artikel 4 van Ordonnansie 9 van 1983

42. Artikel 43 van die Hoofordonnansie word gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel vervang: 25

“(2) Waar enige sodanige skenking of bemaking gedoen is onderworpe aan 'n voorwaarde, voorbehoud of beperking dat 'n persoon of persone of 'n aangewese persoon of persone of **[sy]** 'n verteenwoordiger van sodanige persoon of persone toegelaat word om in sodanige trusteeeraad of beheerraad te dien, kan die **[Administrateur] Provinsiale Minister**, ondanks die bepaling van hierdie ordonnansie insake die samestelling van sodanige trusteeeraad of beheerraad, dié persoon of persone wat nodig is om uitvoering te gee aan sodanige voorwaarde, voorbehoud of beperking, aanstel in sodanige trusteeeraad of beheerraad benewens die persone ingevolge sodanige bepaling deur hom of haar aangestel.”. 30 35

Wysiging van artikel 44 van Ordonnansie 8 van 1975

43. Artikel 44 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang:

“Afskaffing van provinsie-ondersteunde of plaaslike museums. 40

44. (1) Die Provinsiale Minister kan, as hy of sy dit nodig ag, uit eie beweging of op aansoek van 'n trusteeeraad of beheerraad, by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* 'n provinsie-ondersteunde of plaaslike museum afskaf, met ingang van 'n datum vermeld in die proklamasie, na oorweging van die volgende: 45

- (a) die volhoubaarheid van die betrokke museum;
- (b) die bedryfsbehoefes van die Departement, en
- (c) die kommentaar beoog by subartikel (1A) (b).

(1A) Voordat die Provinsiale Minister die proklamasie uitreik, moet die Provinsiale Minister — 50

- (a) oorleg pleeg met die trusteeeraad of beheerraad, na gelang van die geval, van die betrokke museum, en
- (b) by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, kommentaar van die publiek oor die voorgestelde afskaffing van die betrokke museum aanvra. 55

(2) Alle bates, regte, laste en verpligtinge van die trusteeeraad of beheerraad van 'n museum wat ingevolge subartikel (1) afgeskaf is, moet oor beskik word [**en nagekom word**], uitgeoefen, vereffen en aan voldoen word op die wyse wat die [**Administrateur**] Provinsiale Minister in oorleg met sodanige trusteeeraad of beheerraad gelas [**en die dienste van die lede van die personeel van enige sodanige trusteeeraad word met ingang van die datum by subartikel (1) beoog, geag beëindig te gewees het ooreenkomstig die bepalings van hierdie ordonnansie wat die beëindiging van die dienste van beamptes of werknemers reël**].

(3) Wanneer die Provinsiale Minister 'n provinsie-ondersteunde of plaaslike museum afskaf, is die museum opgehef."

Vervanging van artikel 45 van Ordonnansie 8 van 1975, soos gewysig by Proklamasie 149 van 1993

44. Artikel 45 van die Hoofordonnansie word deur die volgende artikel vervang: 15

"Delegasie van bevoegdhede, pligte en funksies.

45. (1) Die Provinsiale Minister kan aan die Departementshoof enige van sy of haar bevoegdhede deleger of enige van sy of haar pligte of funksies ingevolge hierdie ordonnansie opdra, uitgesonderd die bevoegdheid om regulasies te maak of 'n proklamasie of kennisgewing uit te reik. 20

(2) Die Departementshoof kan aan 'n werknemer in die Departement of aan die bekleër van 'n bepaalde amp of posisie in die Departement enige van sy of haar bevoegdhede of sy of haar pligte of funksies ingevolge hierdie ordonnansie deleger of opdra. 25

(3) 'n Delegasie of opdrag genoem in subartikel (1) of (2) —

- (a) moet op skrif wees;
- (b) kan onderworpe aan voorwaardes gemaak word;
- (c) kan skriftelik ingetrek of gewysig word deur die Provinsiale Minister of die Departementshoof, na gelang van die geval 30
- (d) kan die verdere delegasie van daardie bevoegdheid of die verdere opdrag van daardie plig of funksie toelaat;
- (e) verhoed nie die Provinsiale Minister of die Departementshoof, na gelang van die geval, om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig of funksie te vervul nie, en 35
- (f) ontdoen nie die Provinsiale Minister of die Departementshoof, na gelang van die geval, van die verantwoordelikheid betreffende die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid of die vervulling van die opgedraagde plig of funksie nie."

Vervanging van uitdrukings in Ordonnansie 8 van 1975 40

45. Die Hoofordonnansie word gewysig deur die uitdrukings in die eerste kolom van die Bylae, waar dit ook al voorkom en waar ook al dit nie elders by hierdie Wet gewysig is nie, te vervang deur die uitdrukings in die tweede kolom.

Wysiging van lang titel van Ordonnansie 8 van 1975

46. Die lang titel word gewysig deur die uitdrukking "Administrasie" deur die uitdrukking "Wes-Kaapse Regering" te vervang. 45

Voorbehoude en oorgangsbepalings

47. (1) In hierdie artikel beteken—
 "beheerraad" 'n beheerraad genoem in artikel 1(1) van die Hoofordonnansie;
 "bestuurskomitee" 'n bestuurskomitee genoem in artikel 1(1) van die Hoofordonnansie; 50
 "Departementshoof" die hoof van die provinsiale departement verantwoordelik vir museums, uitgesonderd nasionale museums, in die Provinsie;

“finansiële jaar” ’n jaar wat op 31 Maart eindig;
“Provinsiale Minister” die lid van die Provinsiale Kabinet verantwoordelik vir museums, uitgesonderd nasionale museums, in die Provinsie;
“Provinsiale Regering” die Wes-Kaapse Regering;
“Provinsie” die Provinsie Wes-Kaap; 5
“trusteeraad” ’n trusteeraad genoem in artikel 1(1) van die Hoofordonnansie.

(2) Enige saak wat beslis moet word wat hangend is voor ’n bestuurskomitee, trusteeraad of beheerraad wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nog nie beslis is nie, moet deur daardie bestuurskomitee, trusteeraad of beheerraad, na gelang van die geval, beslis word asof hierdie Wet nie in werking getree het nie. 10

(3) ’n Trusteeraad moet vir die finansiële jaar waarin hierdie Wet in werking tree die verslag en staat van inkomste en uitgawe beoog in artikel 21 van die Hoofordonnansie soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, binne die tydperk genoem in daardie artikel opstel en aan die Departementshoof voorlê.

(4) Enige begroting wat ingevolge artikel 29 van die Hoofordonnansie voorgelê en ontvang is ten opsigte waarvan die goedgekeurde subsidiegewende uitgawe van ’n trusteeraad voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nog nie finaal bepaal is nie, moet geadminestreer word asof hierdie Wet nie in werking getree het nie, behalwe dat die uitdrukking “Administrateur” en “Provinsiale Raad” in daardie artikel van die Hoofordonnansie uitgelê word as onderskeidelik “Departementshoof” en “Provinsiale Parlement”. 20

(5) Ondanks die vervanging van artikel 29 van die Hoofordonnansie deur artikel 27 van hierdie Wet, moet enige lening beoog in artikel 29(1)(d)(ii) van die Hoofordonnansie soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, ooreenkomstig artikel 29 van die Hoofordonnansie soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet verminder en terugbetaal word, behalwe dat die lening teen die toepaslike rentekoers bepaal ingevolge artikel 80 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), terugbetaal moet word. 25

(6)(a) ’n Trusteeraad wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet geld wat ingevolge artikel 29 van die Hoofordonnansie aan hom betaal is, belê het in ’n bouvereniging beoog in artikel 31 van die Hoofordonnansie soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, moet binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet sodanige geld disinvesteer en, indien die geld nie onmiddellik deur daardie trusteeraad in verband met die uitoefening en vervulling van sy bevoegdhede, pligte en funksies benodig word nie, moet die trusteeraad daardie geld op rente by ’n bankinstelling finaal geregistreer ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet 94 van 1990), belê. 30

(b) As die geld wat in die bouvereniging belê is, onderworpe is aan voorwaardes wat nie ’n trusteeraad toelaat om die geld binne die tydperk genoem in subartikel (6)(a) te disinvesteer nie, moet die trusteeraad, binne twaalf maande ná die inwerkingtreding van hierdie Wet, alles doen wat die betrokke bouvereniging van hom verlang om die geld te disinvesteer en, by die disinvestering van die geld, onmiddellik aan subartikel (6)(a) voldoen. 35

(7) Ondanks die vervanging van artikel 30(5) van die Hoofordonnansie by artikel 29(d) van hierdie Wet kan die Administrateur, uitgelê as die Departementshoof vir die doel van hierdie subartikel, die bevoegdhede uitoefen en die pligte vervul wat in daardie artikel van die Hoofordonnansie beoog word soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet om enige betalings en uitgawes te verhaal wat gedoen en aangegaan is as gevolg van ’n waarborg uitgereik ingevolge artikel 30(2) van die Hoofordonnansie soos dit gelees het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, totdat alle betalings en uitgawes verhaal is. 45

(8) Ondanks die vervanging van artikel 32 van die Hoofordonnansie by artikel 31 van hierdie Wet moet die Provinsiale Ouditeur, uitgelê as die Ouditeur-generaal vir die doel van hierdie subartikel, die rekeninge van ’n provinsie-ondersteunde museum ouditeer vir die finansiële jaar waarin hierdie Wet in werking tree. 50

(9) Enige aansoek wat ingevolge artikel 39 van die Hoofordonnansie gedoen is wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nog nie finaal bepaal is nie, moet geadminestreer word asof hierdie Wet nie in werking getree het nie, behalwe dat die uitdrukking “Administrateur” en “Provinsiale Raad” in daardie artikel van die Hoofordonnansie uitgelê moet word as onderskeidelik “Departementshoof” en “Provinsiale Parlement”. 55

(10) Enige aansoek wat ingevolge artikel 42 van die Hoofordonnansie gedoen is wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nog nie finaal bepaal is nie, moet geadminestreer word asof hierdie Wet nie in werking getree het nie, behalwe dat die 60

uitdrukking “Administrateur” en “Administrasie” in daardie artikel van die Hoofordonnansie as onderskeidelik “Provinsiale Minister” en “Provinsiale Regering” uitgelê word.

(11) Enige aansoek wat ingevolge artikel 12, 34 of 44 van die Hoofordonnansie gedoen is wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nog nie finaal bepaal is nie, moet geadminestreer word asof hierdie Wet nie in werking getree het nie, behalwe dat die uitdrukking “Administrateur” in daardie artikels van die Hoofordonnansie as “Provinsiale Minister” uitgelê word. 5

(12) Die verwysing na artikel 15(2) en artikel 15(2)(c) in artikel 46 van die Hoofordonnansie moet uitgelê word as ’n verwysing na daardie artikels van die Hoofordonnansie soos dit voor die opdrag van die Hoofordonnansie ingevolge Proklamasie 115 van 1994 gelees het. 10

(13) Die verwysing na artikel 21(2) in artikel 46 van die Hoofordonnansie moet uitgelê word as ’n verwysing na daardie artikel van die Hoofordonnansie soos dit voor die inwerkingtreding van hierdie Wet gelees het. 15

Kort titel en inwerkingtreding

48. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wysigingswet op die Museumordonnansie, 2021, en tree in werking op ’n datum wat die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

BYLAE*(Artikel 45 van hierdie Wet)*

Administrateur	Provinsiale Minister
chairman (in die Engelse teks)	chairperson (in die Engelse teks)
Direkteur van Natuur- en Omgewingsbewing	Departementshoof
Direkteur-generaal van die Kaap die Goeie Hoop	Departementshoof
hy	hy of sy
hom	hom of haar
sy	sy of haar
<i>mutatis mutandis</i>	, met die nodige veranderinge wat die samehang vereis,

MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WES-KAAPSE WYSIGINGSWETSONTWERP OP DIE MUSEUMORDONNANSIE

1. AGTERGROND

- 1.1 Die hele Museumordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8 van 1975)(die Hoofordonnansie), is in 1994 kragtens Proklamasie 115 van 1994 aan die Provinsie Wes-Kaap (die Provinsie) opgedra, in die mate dat die Hoofordonnansie in die Provinsie gegeld het. Dit reguleer onder meer die stigting van museums, die bestuurstoetsing van museums, die toekenning van subsidies aan provinsie-ondersteunde museums en die aanstelling van personeel by museums. Die Hoofordonnansie gaan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (die Grondwet), vooraf en bevat dus taalgebruik wat strydig met die Grondwet is. Dit gaan ook die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), vooraf en is dus nie in ooreenstemming met daardie Wet nie. Die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op die Museumordonnansie, 2021 (die Wetsontwerp), beoog om die Hoofordonnansie in lyn met die Grondwet en die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, te bring.
- 1.2 Provinsie-ondersteunde museums word hoofsaaklik gefinansier deur subsidies wat ingevolge artikel 29 van die Hoofordonnansie aan hulle betaal word. Hierdie museums staan 'n hewige uitdaging in die gesig omdat die huidige artikel 32 van die Hoofordonnansie van hierdie museums vereis om deur die Ouditeur-generaal geoudit te word. Die totale bedrae wat die 19 provinsie-ondersteunde museums in die Provinsie aan Ouditeur-generaalgelde bestee het, was R1,7 miljoen vir 2016/17 en R2,3 miljoen vir 2017/18.
- 1.3 Vir die 19 provinsie-ondersteunde museums was die gemiddelde koste per oudit per museum R89 473 (2016/17) en R121 052 (2017/18). Hierdie buitensporige gelde is onvolhoubaar en het 'n geweldige impak op die reeds skaarse hulpbronne van hierdie museums. Die kollektiewe gevolg hiervan is dat provinsie-ondersteunde museums nie in staat is om voldoende hulpbronne toe te ken vir die uitvoering van hul kernfunksies nie, naamlik om te bewaar, ten toon te stel en gemeenskappe op te voed oor die kollektiewe erfenis van die Provinsie. Dit benadeel die museums se potensiaal om dienste te lewer en toeriste te lok. Hul vermoë om 'n bydrae tot toerisme en ekonomiese ontwikkeling in die Provinsie te lewer word gevolglik 'n geweldige knou toegedien.
- 1.4 Die provinsiale Departement van Kultuursake en Sport (die Departement) het besluit om die Hoofordonnansie te wysig om dit in ooreenstemming met die Grondwet en ander tersaaklike wetgewing te bring. Die hoofdoel van die Wetsontwerp is om 'n uitweg te bied deurdat provinsie-ondersteunde museums jaarliks deur 'n ouditeur geoudit moet word wat ingevolge die "Auditing Profession Act, 2005" (Wet 26 van 2005), geregistreer is, in plaas van deur die Ouditeur-generaal.

2. OOGMERKE VAN DIE WETSONTWERP

- 2.1 Die Wetsontwerp het ten doel om sekere bepalings van die Hoofordonnansie te wysig om dit met die Grondwet, ander tersaaklike wetgewing soos die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, en goeie praktyke in die gebied van museumbestuurstoetsing in ooreenstemming te bring.
- 2.2 Die Wetsontwerp het ook ten doel om die Hoofordonnansie met huidige terminologie en regeringstrukture in ooreenstemming te bring en om die finansiële las van jaarlikse finansiële oudits deur die Ouditeur-generaal op provinsie-ondersteunde museums te verlig.

3. INHOUD VAN WETSONTWERP

Die oogmerke en doelwitte van die verskeie klousules word vervolgens uiteengesit.

- 3.1 **Klousule 1** wysig artikel 1 van die Hoofdonnansie deur sekere definisies te vervang, te skrap en in te voeg vir standaardisering en ooreenstemming met huidige provinsiale regeringstrukture.
- 3.2 **Klousule 2** wysig artikel 2 van die Hoofdonnansie om leiding te gee vir die uitoefening van die diskresie van die Provinsiale Minister om 'n provinsiale museum te vestig.
- 3.3 **Klousule 3** wysig artikel 3 van die Hoofdonnansie en is 'n gevolglike wysiging van die vervanging van die uitdrukking "Administrateur" en "beampte" en die skapping van die definisie van "beampte" in klousule 1.
- 3.4 **Klousule 4** wysig artikel 4 van die Hoofdonnansie om die ampstermyn van 'n aangestelde lid van twee na drie jaar te verleng. Die klousule gee 'n uiteensetting van die omstandighede wat aanleiding gee tot die ontstaan van 'n vakature in 'n bestuurskomitee. Dit bepaal dat die Provinsiale Minister in oorleg met die provinsiale minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie die toelaes wat aan lede betaal word, vasstel.
- 3.5 **Klousule 5** voeg artikel 4A in die Hoofdonnansie in om voorsiening te maak vir die onbevoegdheid vir lidmaatskap van 'n bestuurskomitee.
- 3.6 **Klousule 6** wysig artikel 5 van die Hoofdonnansie deur te bepaal dat die Provinsiale Minister 'n voorsitter van 'n bestuurskomitee moet aanwys wanneer hy of sy die aangestelde lede aanstel of indien die voorsitter sy of haar amp ontruim. Die rede hiervoor is om die bestuurstoegig van provinsiale museums te versterk.
- 3.7 **Klousule 7** vervang artikel 6 van die Hoofdonnansie om anders voorsiening te maak vir die kworum en besluitneming by vergaderings van 'n bestuurskomitee. Die klousule bepaal dat 'n kworum vir 'n vergadering vyftig persent plus een van die totale getal lede van so 'n komitee is en bepaal verder dat besluite onder sekere omstandighede deur stemming geneem kan word. Die rede hiervoor is om goeie bestuurstoegig by provinsiale museums te verseker.
- 3.8 **Klousule 8** wysig artikel 7 van die Hoofdonnansie om voorsiening te maak vir 'n ander manier waarop 'n komitee toegangsgelde mag bepaal en hef om potensiële inkomste te verhoog. Die klousule skrap diskriminerende taalgebruik in die Hoofdonnansie.
- 3.9 **Klousule 9** wysig artikel 8 van die Hoofdonnansie. Die klousule vervang die uitdrukking "Administrateur" deur die uitdrukking "Departementshoof" en die uitdrukking "Provinsiale Diens" deur die uitdrukking "staatsdiens".
- 3.10 **Klousule 10** vervang artikel 9 van die Hoofdonnansie om die aanvaarding van skenkings en bemakings in ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, te bring.
- 3.11 **Klousule 11** vervang artikel 10 van die Hoofdonnansie om te bepaal dat geld wat deur 'n provinsiale museum of bestuurskomitee van 'n provinsiale museum ingesamel is, in die Provinsiale Inkomstefonds gestort moet word vir gebruik deur die bestuurskomitee van die betrokke provinsiale museum, onderhewig aan die Departementshoof se goedkeuring.

- 3.12 **Klousule 12** herroep artikel 10A van die Hoofdonnansie.
- 3.13 **Klousule 13** vervang artikel 11 van die Hoofdonnansie om leiding te gee vir die uitoefening van die diskresie van die Provinsiale Minister om 'n provinsiale museum af te skaf en maak voorsiening vir 'n openbaredeelnameproses.
- 3.14 **Klousule 14** wysig artikel 12 van die Hoofdonnansie om die diskresie van die Provinsiale Minister verder te lei om 'n museum as 'n provinsie-ondersteunde museum te verklaar.
- 3.15 **Klousule 15** vervang artikel 15 van die Hoofdonnansie om die samestelling van 'n trusteeeraad te verander om goeie bestuurstoedig by provinsie-ondersteunde museums te verseker. Die hele Hoofdonnansie is aan die Provinsie opgedra in die mate dat dit in die Provinsie gegeld het. Die museums wat in artikel 15(2) van die Hoofdonnansie vermeld word, val nie binne die geografiese gebied van die Provinsie nie. Om hierdie rede geld artikel 15(2) van die Hoofdonnansie nie in die Provinsie nie en is dit nie aan die Provinsie opgedra nie.
- 3.16 **Klousule 16** vervang artikel 16 van die Hoofdonnansie en verskaf 'n volledige uiteensetting van die ampstermyn van die verskillende kategorieë van lede wat 'n trusteeeraad uitmaak.
- 3.17 **Klousule 17** vervang artikel 17 van die Hoofdonnansie en is 'n gevolglike wysiging van wysigings in klousule 4 en 15.
- 3.18 **Klousule 18** vervang artikel 18 van die Hoofdonnansie en maak voorsiening vir 'n verandering aan die maatstawwe vir onbevoegdheid vir lidmaatskap van 'n trusteeeraad.
- 3.19 **Klousule 19** voeg artikel 18A in die Hoofdonnansie in om voorsiening te maak vir die aanwysing deur die Provinsiale Minister van 'n voorsitter van 'n trusteeeraad.
- 3.20 **Klousule 20** vervang artikel 19 van die Hoofdonnansie om anders voorsiening te maak vir die kworum en besluitneming by vergaderings van 'n trusteeeraad. Deur die insluiting van die verwysing na artikel 6 bepaal die klousule dat 'n kworum vir 'n trusteeeraadvergadering vyftig persent plus een is en maak verdere voorsiening dat besluite onder sekere omstandighede deur stemming geneem kan word. Dit is om goeie bestuurstoedig by provinsie-ondersteunde museums te verseker.
- 3.21 **Klousule 21** wysig artikel 20 van die Hoofdonnansie en is 'n tekstuele verbetering van die Hoofdonnansie.
- 3.22 **Klousule 22** wysig artikel 21 van die Hoofdonnansie om anders voorsiening te maak vir wanneer 'n jaarverslag deur 'n trusteeeraad voorgelê moet word. Die hersiene tydlyn is om voldoende rekenpligtigheid aan die Departement te verseker.
- 3.23 **Klousule 23** vervang artikel 24 van die Hoofdonnansie om te bepaal dat die Departementshoof die personeeldiensstaat van 'n provinsie-ondersteunde museum moet bepaal. Die klousule verbied verder 'n trusteeeraad om personeel aan te stel wat bykomend is by die personeeldiensstaat wat aldus bepaal is, sonder die vooraf verkreeë skriftelike toestemming van die Departementshoof. Dit is om te verseker dat die Departement voldoende toesig hou ten opsigte van personeel wat benewens die bestaande personeelkorps aangestel word.
- 3.24 **Klousule 24** vervang artikel 25 van die Hoofdonnansie om die goedkeurings te skrap wat 'n trusteeeraad kragtens die Hoofdonnansie benodig om personeel op die personeeldiensstaat aan te stel. Dit maak verder

voorsiening vir die manier waarop 'n trusteeeraad om toestemming moet aansoek doen om personeel bykomend by die bestaande personeeldiensstaat soos bepaal deur die Departementshoof aan te stel en die maatstawwe wat die Departementshoof moet oorweeg wanneer sulke aansoeke oorweeg word.

- 3.25 **Klousule 25** voeg artikel 26(2) in die Hoofordonnansie in en verleen aan 'n trusteeeraad die bevoegdheid om, met die goedkeuring van die Departementshoof, personeel te behou nadat hulle aftree-ouderdom bereik het.
- 3.26 **Klousule 26** herroep artikel 27 van die Hoofordonnansie sodat trusteeerade voldoende besluitnemingsbevoegdhede het om die salarisse te bepaal van die personeel wat hulle aanstel. Die rede hiervoor is dat die konteks en finansiële vermoëns van verskillende provinsie-ondersteunde museums geweldig verskil. Die klousule herroep ook artikel 28 van die Hoofordonnansie. Dit is 'n gevolglike wysiging van die wysiging in klousule 25.
- 3.27 **Klousule 27** vervang artikel 29 van die Hoofordonnansie om die prosedure wat gevolg moet word wanneer subsidies aan trusteeerade betaal word, uit te klaar en, in die geval waar die trusteeeraad van die Kangogrotte-Museum beoog om betaling van 'n subsidie aan te vra, om voorsiening te maak vir 'n proses waarin die omstandighede waaronder 'n versoek gemaak kan word en die proses wat gevolg moet word om die versoek te maak, uiteengesit word.
- 3.28 **Klousule 28** voeg artikel 29A in die Hoofordonnansie in om voorsiening te maak vir die betaling van bykomende fondse aan 'n trusteeeraad. Die klousule gee 'n uiteensetting van die prosedure wat gevolg moet word wanneer 'n trusteeeraad om bykomende fondse aansoek doen, of wanneer die Departementshoof uit eie beweging besluit dat 'n trusteeeraad moontlik bykomende fondse benodig.
- 3.29 **Klousule 29** vervang artikel 30 van die Hoofordonnansie om te bepaal dat 'n trusteeeraad korttermynlenings kan aangaan.
- 3.30 **Klousule 30** vervang artikel 31 van die Hoofordonnansie om te bepaal dat fondse wat 'n trusteeeraad ontvang deur die betaling van 'n subsidie of bykomende fondse en wat nie onmiddellik deur die trusteeeraad benodig word vir die uitoefening en verrigting van sy bevoegdhede, pligte en funksies nie, in 'n bank wat finaal ingevolge die Bankwet, 1990, geregistreer is, of in staatseffekte, belê moet word.
- 3.31 **Klousule 31** vervang artikel 32 van die Hoofordonnansie om te bepaal dat 'n trusteeeraad 'n ouditeur moet aanstel om die finansiële state van die trusteeeraad te audit. Dit is om te verseker dat die finansiële las van jaarlikse audits, tans uitgevoer deur die Ouditeur-generaal, op provinsie-ondersteunde museums verminder word en doeltreffende finansiële rekenpligtigheid terselfdertyd steeds verseker word.
- 3.32 **Klousule 32** voeg artikel 32A in die Hoofordonnansie in om finansiële wangedrag deur 'n trusteeeraad te reguleer. Dit is om behoorlike finansiële rekenpligtigheid van trusteeerade te verseker.
- 3.33 **Klousule 33** wysig artikel 34 van die Hoofordonnansie om leiding te gee vir die uitoefening van die diskresie van die Provinsiale Minister om 'n museum tot 'n plaaslike museum te verklaar.
- 3.34 **Klousule 34** vervang artikel 35 van die Hoofordonnansie om die samestelling van 'n beheerraad te verander. Dit is om goeie bestuurstoetsig by plaaslike museums te verseker.
- 3.35 **Klousule 35** vervang artikel 37 van die Hoofordonnansie en gee 'n volledige uiteensetting van die ampstermyn van die verskillende kategorieë lede waaruit 'n beheerraad bestaan.

- 3.36 **Klousule 36** vervang artikel 38 van die Hoofordonnansie en is 'n gevolglike wysiging van wysigings in klousule 4.
- 3.37 **Klousule 37** voeg klousule 38A in die Hoofordonnansie in om voorsiening te maak vir die aanwysing van 'n voorsitter van 'n beheerraad. Die klousule voeg klousule 38B in die Hoofordonnansie in om voorsiening te maak vir die kworum en besluitneming by 'n vergadering van 'n beheerraad. Die insluiting in klousule 38B van die verwysing na artikel 6 bepaal dat 'n kworum vir 'n vergadering van 'n beheerraad vyftig persent plus een van die totale getal lede van 'n beheerraad is en bepaal verder dat besluite onder sekere omstandighede deur stemming geneem kan word. Dit is om goeie bestuurstoesig by plaaslike museums te verseker.
- 3.38 **Klousule 38** vervang artikel 39 van die Hoofordonnansie om leiding te gee vir die uitoefening van die diskresie van die Departementshoof om toelaes aan beheerrade te betaal. Die klousule gee 'n uiteensetting van die procedure wat gevolg moet word wanneer 'n beheerraad om 'n toelae aansoek doen.
- 3.39 **Klousule 39** wysig artikel 40 van die Hoofordonnansie om die uitdrukking "Administrateur" deur die uitdrukking "Provinsiale Minister" te vervang. Die klousule verbeter die teks van die Hoofordonnansie en maak 'n gevolglike wysiging na aanleiding van die skraping van die definisie van "beampte" in klousule 1.
- 3.40 **Klousule 40** wysig artikel 41 van die Hoofordonnansie om die teks van die Hoofordonnansie te verbeter en maak gevolglike wysigings na aanleiding van die wysigings in klousule 37.
- 3.41 **Klousule 41** vervang artikel 42 van die Hoofordonnansie om leiding te gee vir die uitoefening van die diskresie van die Provinsiale Minister om 'n provinsie-ondersteunde of plaaslike museum as 'n provinsiale museum te stig.
- 3.42 **Klousule 42** wysig artikel 43 van die Hoofordonnansie en is 'n gevolglike wysiging van die vervanging van die uitdrukking "Administrateur" deur die uitdrukking "Provinsiale Minister".
- 3.43 **Klousule 43** vervang artikel 44 van die Hoofordonnansie om leiding te gee vir die uitoefening van die diskresie van die Provinsiale Minister om 'n provinsie-ondersteunde of plaaslike museum te sluit en maak voorsiening vir 'n openbaredeelnameproses.
- 3.44 **Klousule 44** vervang artikel 45 van die Hoofordonnansie. Die klousule is 'n gevolglike wysiging na aanleiding van die skraping van die definisies van "beampte" en "werknemer" in klousule 1.
- 3.45 **Klousule 45** vervang sekere uitdrukkings in die Hoofordonnansie.
- 3.46 **Klousule 46** wysig die lang titel van die Hoofordonnansie.
- 3.47 **Klousule 47** maak voorsiening vir voorbehoude en oorgangsbepalings. Die doel van klousule 47(12) is om sekerheid te gee om verwarring ten opsigte van verwysings na artikel 15(2) in hierdie Wetsontwerp en die Hoofordonnansie te vermy.
- 3.48 **Klousule 48** maak voorsiening vir die kort titel en inwerkingtreding van die Wet.

4. WETGEWENDE BEVOEGDHEID

Die Provinsiale Minister verantwoordelik vir museums, nasionale museums uitgesluit, is tevrede dat die bepalinge van die Wetsontwerp onder die wetgewende bevoegdheid van die Provinsie ressorteer.

5. OORLEGPLEGING

Departement van Kultuursake en Sport
Departement van die Premier: Regsdienste
Provinsiale museums
Provinsie-ondersteunde museums
Plaaslike museums

6. FINANSIËLE IMPLIKASIES

Daar is geen finansiële implikasies nie omdat huidige begrotingshulpbronne gebruik gaan word.

7. PERSONEELIMPLIKASIES

Daar is geen direkte personeelimplikasies nie.

AMAGQABANTSHINTSHI ACACISAYO:

[] Amagama anombhalo ongqindilili akwisibiyeli sesikwere abonisa ushiyo kuwisomthetho okhoyo.

Amagama akrwelwe ngomgca ongqindilili abonisa ufakelo kuwisomthetho okhoyo.

UMTHETHO OFAKELA IZILUNGISO

